Bib 156/92

SAAK NOMMER: 91/91
H v N

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(APPPèLAFDELING)**

In die saak tussen:

**JACOBUS ALBERT KOOPMAN** Appellant

**en**

**DIE STAAT** Respondent

**CORAM:** VAN HEERDEN, VIVIER, ARR et HOWIE, Wn AR

**VERHOORDATUM:** 14 SEPTEMBER 1992

**LEWERINGSDATUM:** 18 SEPTEMBER 1992

---

**U I T S P R A A K**

**HOWIE, Wn AR:**

Appellant is in die Kaapstadse landdroshof aan bedrog skuldig bevind en 8 maande gevangenisstraf opgelê. Sy appèl teen die vonnis is deur die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop van die hand gewys. 'n Aansoek om verlof om verder te appelleer is

deur daardie hof geweier maar 'n versoekskrif is aan die Hoofregter gerig waarna sodanige verlof toegestaan is.

Dit is appellant ten laste gelê dat hy 'n tjek ten bedrae van R400 wat namens Saxonsea Educare Centre uitgemaak is vir betaling van laasgenoemde se huurgeld, bedrieglik aangewend het ter vereffening van die bedrag wat hy die Weskaapse Streekdiensteraad ten opsigte van agterstallige eiendomsbelasting geskuld het. Hy het skuldig gepleit.

Na skuldigbevinding het appellant se prokureur die landdros breedvoerig toegespreek ter versagting. In die loop van daardie betoog is verskeie feitestellings gemaak wat soos volg opgesom kan word. Toe die misdryf gepleeg is, was appellant by 'n eiendomsagentskap werksaam waar hy slegs op 'n kommissiebasis betaal is. Hy het familieverpligtinge gehad en het in moeilike finansiële omstandighede verkeer. Hy het terselfdertyd 'n aktiewe rol in die gemeenskapslewe van Atlantis

gespeel waar hy woonagtig was. Hy het o a as voorsitter van die Educare komitee gedien en was op die tersaaklike stadium kandidaat vir lidmaatskap van Atlantis se Bestuurskomitee. 'n Regsadviseur van die Streekdiensteraad het egter appellant se aandag daarop gevestig dat sonder betaling van sy agterstallige eiendomsbelasting hy as Bestuurskomiteelid onverkiesbaar sou wees. Toe gemelde tjek in sy besit gekom het, was dit reeds deur die sekretaris van die Educare komitee, ene Petersen, onderteken. Appellant moes dit as mede-ondertekenaar voltooi. Die gedagte het by hom ontstaan om die tjek ter betaling van sy skuld aan die Streekdiensteraad aan te bied. Hy het gepoog om Petersen in hierdie verband te spreek maar kon nie daarin slaag nie en het toe voortgegaan om die tjek vir sy eie doeleindes te gebruik. Hy het besef dat sy onwettige optrede noodwendig tot Petersen se kennis sou kom en het deurgaans bedoel om die geld terug te betaal.

Appellant is mettertyd tot Bestuurskomiteelid verkies en kort daarna tot verteenwoordiger van die Bestuurskomitee op die Streekdiensteraad. Ten tye van die verhoor het hy nog steeds op die Bestuurskomitee gedien. Hy het ook teen daardie tyd reeds die geld aan die klaer terugbetaal. Onopgeskorte gevangenisstraf sonder 'n boetekeuse sou hom onbevoeg gemaak het om verder as lid van die Bestuurskomitee te dien.

Wat appellant se persoonlike omstandighede betref, moes hy, synde die oudste van agt kinders wie se vader 'n alkoholis was, sy skoolopleiding in St 7 staak. Hy het as arbeider begin werk en in die volgende vier jaar tot versendingsklerk gevorder. In daardie tydperk het hy aandskool bygewoon en uiteindelik die Matriek-eksamen geslaag. Van daardie tyd af het hy in verskeie betrekkings vaste werk gehad. Toe die misdryf gepleeg is, was hy ongeveer 30 jaar oud. Afgesien van sy lidmaatskap van die Educare sentrumkomitee, die

Bestuurskomitee en die Streekdiensteraad, was hy ook ten tye van die verhoor voorsitter van die plaaslike skoolraad, superintendent van die Sondagskool, leier van die Apostoliese Geloofsending se jeuggroep en die sending se sekretaris. Hy was 'n gewese lid van die Atlantis Adviesraad en verskeie ander komitees asook gewese voorsitter van die behuisingskomitee. Hy het ook 'n gevorderde kursus in bestuurswese en kursusse in finansiële ontleding gevolg.

Appellant se gesin bestaan uit sy vrou en twee kinders wat by die verhoorstadium onderskeidelik agt en ses jaar oud was. Hy moes ook tot sy moeder se onderhoud bydra.

Weens sy vader se drankprobleem was appellant se gesinslewe gedurende sy tienderjare wesenlik ontwrig. Hy het sonder ouerliefde en die invloed van behoorlike dissipline grootgeword. Die gevolg was dat hy op 18-jarige ouderdom te Parow skuldig bevind is aan diefstal

van geregistreerde briewe bevattende tjeks en posorders by die munisipale kantore waar hy toe werksaam was. Hy is tot 6 maande opgeskorte gevangenisstraf gevonnis. Toe hy 21 was, is hy op drie klagtes van bedrog waarby bedrae van altesaam R 28,57 betrokke was, 18 maande gevangenisstraf opgelê.

Die voorgaande feitebewerings is geensins deur die aanklaer betwis of selfs in twyfel getrek nie. Al wat hy gesê het, was dat sonder dokumentasie in die dossier wat terugbetaling aan die klaer bewys het, hy nie in staat was om "met sekerheid" te erken dat die geld wel terugbetaal was.

Die landdros het appellant se persoonlike omstandighede in ag geneem maar bevind dat, opgeweeg teen die verswarende omstandighede en die gemeenskap se behoefte aan beskerming, slegs onopgeskorte gevangenisstraf die oogmerke van vonnisoplegging in die onderhawige saak sou bereik. Hy het veral klem gelê op

die feit dat die misdryf vir eie gewin gepleeg is, dat bedrog altyd 'n ernstige oortreding is, dat appellant sy posisie as voorsitter van die sentrumkomitee misbruik het en dat sy vorige strawwe hom nie tot beter insigte laat kom het nie.

Die Hof a quo was van mening dat geen mistasting deur die verhoorhof begaan is nie en dat die opgelegde straf nie treffend onvanpas was nie.

Dit is opmerklik dat beide howe geen melding gemaak het van die bewering dat appellant die klaer terugbetaal het nie en die afleiding moet wees dat hulle die saak benader het op die grondslag dat die geld nie terugbetaal was nie. Die feit van terugbetaling in 'n saak soos die onderhawige is altyd 'n faktor van wesenlike belang. Dit sou seer sekerlik maklik vir die aanklaer gewees het om die nodige bevestiging van hierdie bewering te verkry en dit is verbasend dat die landdros nie opheldering versoek het nie. Hoe dit ook

al sy, dit is namens die Staat in hierdie Hof erken dat terugbetaling wel geskied het en die appèl moet op daardie basis beslis word. Terugbetaling tel vanselfsprekend sterk in appellant se guns.

Wat verder versagtend werk, is appellant se strewe sedert sy tweede veroordeling om homself te verbeter en om sy gemeenskap in verskeie opsigte te dien. Oppervlakkig gesien is sy vorige skuldigbevindings natuurlik kommerwekkend maar hulle moet in die gepaste samehang oorweeg word. Daardie oortredings is gepleeg teen die agtergrond van 'n verbroke gesin en, na alle waarskynlikheid, emosionele onrypheid. Hulle was ook mindere misdrywe. Dit is verbasend dat so veel soos 18 maande opgelê is in die tweede saak as die onbenullige bedrae in ag geneem word wat daar betrokke was. Die aanduidings is dat in die tien jaar wat daarop gevolg het, appellant 'n nuwe blaadjie omgeslaan het. As volwassene het hy 'n

ordentlike bestaan gevoer met 'n volle besef van sy verantwoordelikhede met betrekking tot sy gesin, sy werk en die gemeenskap. Tot laasgenoemde se welsyn het hy 'n merkwaardige bydrae gemaak. Onopgeskorte gevangenisstraf blyk derhalwe om teen, eerder as in die guns van, die gemeenskapsbelang te wees.

Die onderhawige misdryf is wel in 'n sekere sin vir eie gewin gepleeg, maar dit was nie asof appellant se kandidaatskap vir die Bestuurskomitee net op selfverheerliking gemik was nie. Sy lidmaatskap van heelwat minder prominente komitees getuig van 'n sterk begeerte om oor die algemeen sy medemens behulpsaam te wees.

Dit blyk ook nie dat appellant in die onderhawige geval op die uitkyk was vir die eerste die beste geleentheid om 'n ander se geld tot sy eie voordeel aan te wend nie. Die misdryf het sy oorsprong in die feit dat hy attent gemaak is op sy moontlike

onbevoegdheid as Bestuurskomiteelid. Hy het Petersen probeer kontak, vermoedelik om sy probleem te bespreek. Toe hy hom nie in die hande kon kry nie, het hy met die verduistering voortgegaan maar met die besef dat Petersen dit sou ontdek. In die meeste gevalle waar oortreders vertrouensposisies misbruik, neem hulle deeglike stappe om alle spore uit te wis.

Al die tersaaklike omstandighede in ag genome, meen ek dat die verhoorhof tot die slotsom moes gekom het dat die onderhawige 'n gepaste geval was vir algeheel opgeskorte gevangenisstraf. Dit synde die geval is inmenging met die opgelegde straf aangewese.

Die appèl slaag. Die bevel van die Hof benede word ter syde gestel en met die volgende vervang:

> "Die appèl slaag. Die vonnis deur die landdros opgelê word verander om soos volg te lui -
>
> '8 maande gevangenisstraf wat in die geheel

vir 5 jaar opgeskort word op voorwaarde dat in die opskortingstydperk die beskuldigde geen misdryf pleeg nie waarvan oneerlikheid 'n element is en waarvoor onopgeskorte gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete opgelê word.' "

C T HOWIE

WAARNEMENDE APPèLREGTER

VAN HEERDEN, AR )
STEM SAAM
VIVIER, AR )